# KINDERKERK LES: Gawes van die Gees – Doen gawes

**Doel van les:**

Ons maak van die reeks klaar deur te gesels oor die Doen Gawes.

**Sê:** Maatjies, verlede week het ons geleer van die tweede groep Gawes wat die Heilige Gees vir ons gee. Kan julle onthou wat dit was? (As hulle bietjie sukkel, kan jy wys na die gloeilampie wat op geskenk geplak is.

Ons het geleer van die Weet Gawes.

Op die groot geskenk word die hamer vanaand geplak langs die mikrofoon en gloeilamp van vorige weke. Soos jy praat, kan jy die hamer uithaal en op geskenk plak. Vanaand leer ons dan laastens van die Doen Gawes.

**Wonderwerke:**

**Ysbreker 1: Aartappel en strooitjie**: Gee vir elke groep 'n ryp aartappel en strooitjie. Hulle moet probeer om die strooitjie regdeur die die aartappel gedruk te kry met net een probeerslag. Gee hulle so minuut kans. Vra vir hulle dan of hulle dink dis onmoontlik met ander woorde niemand sal dit ooit kan regkry nie. Laat kinders wat glo dit kan gedoen word aan een kant van vertrek gaan staan en die wat glo dit kan nie gedoen word nie aan die anderkant.

(Belangrik om by die huis te oefen bietjie voor die tyd voordat jy dit vir kinders doen.)

**Vra:** Wie van julle glo dat ek dit sal kan regkry? Steek gou hande op wie glo ek kan. Goed kom ons kyk of ek dit kan doen.

Hou die aartappel in een hand so gelyk met jou naeltjie met jou vingers aan weerskante van die aartappel en nie aan onderkant nie. Hou die strooitjie van met die ander hand met jou duim op die boonste gaatjie van strooitjie sodat geen lug kan ontsnap nie. Jou strooitjie moet 'n strootjie wees wat stewig is en nie buig nie. 'n Reguit plastiek strooitjie. Kyk reguit na die aartappel (nie jou hand nie) en steek vinnig met die strooitjie af en die strooitjie sal heeltemal deur die aartappel gaan.

**Sê:** Met hierdie speletjie wil ek sommer oor twee van die gawes gelyk praat. Die eerste een is Wonderwerke. Baie het gedink ons sal nooit die strooitjie deur die aartappel kry nie. Dit moes vir jou soos 'n Wonderwerk gevoel het toe dit wel deur is. Met die Gawe van Wonderwerke sal dit iets regtig onmoontlik wees wat die Heilige Gees deur jou laat gebeur. In die Bybel lees

mens bv. van iemand wat gebid het dat die son en die maan moes stilstaan en dit het! Ook van 'n profeet wat 'n sware stuk yster laat dryf het op water. Beslis Wonderwerke.

**Geloof:**

**Sê**: Dan is daar die Gawe van Geloof. Van julle het geglo dit kan nie gedoen word nie. Maar van julle het geglo die onmoontlike kan gebeur. Al het ander gedink dit kan nie. So sal die Gawe van Geloof jou help om te glo in God en wat Hy kan doen al gee ander op.

**Genesing:**


**Ysbreker 2: Raai:** Gee vir elke groep 'n stel prentjies en kyk of hulle kan raai wat die laaste Doen Gawe is.

**Sê:** Laastens leer ons vanaand van die Gawe van Genesing. Dit is om deur God gesond gemaak te word deurdat iemand vir 'n persoon hande oplê en bid.

Kom ons bid nou saam dat God hierdie gawes deur ons sal laat werk.

Sluit af met gebed.




singGodsword.weebly.com